Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

NOVEMBER 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

STRANDOPRUIMING ONTHUL DAT GESTORTE VISGEREEDSKAP GROOT BEDREIGING VIR BEHOUD VAN KUSGEBIEDE INHOU

Ter ondersteuning van Internasionale Strandskoonmaakdag het Munisipaliteit Overstrand en verskeie medewerkers die strand en duine in die omstreke van De Kelders op Donderdag 16 September 2021 getakel.

Strandwagte en interns verbonde aan WESSA wat diens doen by die toerismeburo en Ou Hawemuseum in Hermanus het aangesluit by 'n span van omgewingsbestuur en twee mariene bioloë om 'n area van sowat vier kilometer op te ruim.

Deur die loop van die dag is sewe-en-twintig sakke rommel opgetel.

Interessantheidshalwe toon 'n ontleding van hierdie sakke se inhoud dat enkelgebruikplastiek nie meer die grootste bedreiging inhou nie.

Om die waarheid te sê, aldus strandopsigter Marco Cornelius, bestaan die rommel wat opgetel is grotendeels uit ongeskonde visnette en stukke visnet, kreeffuike, stukkende plastiekstoele, 20-liter-plastiekemmers en tou wat goedsmoeds weggesmyt is.

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op die vissersgemeenskap om op 'n verantwoordelike wyse van hul visgerei ontslae te raak. Daar is onteenseglik bewys dat seediere dikwels in weggesmyte visnette en -lyne verstrengel raak en, gevolglik, versmoor.

Hartlike dank aan al die vrywilligers wat 'n positiewe bydrae gelewer het om ons kusgebied te help bewaar: 2021 was voorwaar 'n uitsonderlike jaar. Wel gedaan!

UITGESPOELDE JONG PELSROBBE - SOMMIGE SAL OORLEEF; ANDER NIE

Onlangs het mense wat dikwels langs Overstrand se strande stap, toenemend aangemeld dat hulle dooie jong pelsrobbe, wat bitter maer is, teëgekom het.

Volgens Tarron Dry, Munisipaliteit Overstrand se biodiversiteitsbewarings-beampte, is hierdie verskynsel glad nie ongewoon hierdie tyd van die jaar nie.

"Pelsrobbe se werpsel word van middel-November tot laat-Desember gebore. Daardie kleintjies se mammas soog hulle net vir omtrent sewe of agt maande, waarna die kleintjies vir hulself moet sorg omdat mamma besig is om haarself voor te berei vir die aankoms van die volgende baba wat in November sy opwagting gaan maak".

"Mits die werpsel geleer het hoe om kos in die wye oseaan te vind, sal hulle selfversorgend kan wees. Indien nie, sal hulle op ons strande beland omdat hul opgeboude vet uitgeput is en hulle te koud kry om in die see te gaan jag. Die gevolg is dat hulle weens verhongering vrek," het hy verduidelik.

As jy 'n jong rob op sy eie langs die strand raakloop wat geen ooglopende beserings het nie, moenie die rob versteur of aan hom raak nie. (Robbe kan nogal geniepsig wees.) Moet ook nie probeer om die rob weer te laat terugkeer see toe nie.

Sou die rob enige duidelike tekens van beserings toon, of as die rob braak of hoes, verstrengel is of uitermatig maer voorkom, kontak asseblief die

bestuurafdeling by 028 316 3724 gedurende kantoorure of bel die 24-uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111 na ure. So nie, kontak die African Penguin and Seabird Sanctuary in Gansbaai by 072 598 7117.

Om 'n foto of video te neem en dit aan te stuur na die omgewingspan kan van hulp wees aangesien dit die span sal help om 'n ingeligte besluit te neem oor die dringendheid van die verlangde optrede.

BEHUISINGSPROJEK IN GANSBAAI WEER OP DREEF, VELE UITDAGINGS TEN SPYT

Middel-September het die provinsiale minister van menslike nedersettings, Tertius Simmers, 'n seremoniële sooispitgeleentheid bygewoon wat daarop dui dat die nuwe behuisingontwikkelingsprojek in Blompark, Gansbaai, hervat is.

Die Blomparkbehuisingsontwikkeling, met 'n toegewese begroting van net meer as R78 miljoen, gaan 539 bo-strukture aflewer. As alles volgens plan verloop, sal die projek na verwagting teen die einde van Maart 2023 voltooi wees.

Die ontwikkeling is deel van die geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprogram. Dit kom daarop neer dat dit nie net uit 'n gemengde ontwikkeling met huise vir verskeie inkomstegroepe bestaan nie, maar ook kommersiële en ontspannings-ruimtes insluit.

Ten tyde van haar toespraak het 'n duidelik opgetoë Riana de Coning, Wyksraadslid vir Blompark, gesê sy en die gemeenskap van Blompark droom al vir baie jare van hierdie dag.

In 'n terugblik op hierdie projek se ietwat bewoë geskiedenis, het sy onthou hoe opgewonde almal aanvanklik was toe die stootskrapers in 2017 die terrein ingevaar het – net om stotterend tot 'n stilstand te kom toe die kontrakteur bankrot verklaar is.

"Die teleurstelling ten spyt, en na vele openbare vergaderings, was lede van die gemeenskap steeds hoopvol en het hulle vas geglo dat die projek sal voortgaan, en dit het toe siviele dienste in 2019 hervat is.

"Toe breek 2020 aan, en alles word weer eens te danke aan COVID-19 tot stilstand gedwing.

"Gelukkig was ons in daardie stadium reeds goed op dreef om die eerste fase af te handel, en daarom het die potensiële begunstigdes weer eens begrip gehad vir die uitdagings wat ons ervaar en was hulle bereid om nog 'n bietjie geduld aan die dag te lê.

"En hier staan ons vandag: Die eerste sooi gaan nou seremonieel gespit word as bewys dat die tweede fase amptelik afgeskop het en dat hierdie gemeenskap se drome binnekort verwesenlik gaan word. Hierdie is onteenseglik 'n wonderlike en jeuglike dag wat ons vir baie jare gaan onthou," het sy verklaar.

In sy hoofrede met minister Simmers gesê: "Hierdie is nie net die begin van 'n nuwe menslike nedersettingsontwikkeling nie, maar ook 'n voortsetting van die wyse waarop die provinsiale en plaaslike regeringsfere ten goede van die mense saamwerk. Dié projek sal nie net die lewensomstandighede van die mense in Blompark verbeter nie, maar dit sal ook 'n beduidende verskil in ander areas tot gevolg hê."

Desondanks die vordering wat reeds gemaak is, het Simmers 'n pleidooi aan die gemeenskap gerig om te verhoed dat persele onregmatig beset word en om ten nouste met hul onderskeie projekbeheerkomitees en plaaslike munisipaliteit saam te werk sodat 'n lys van begunstigdes saamgestel en gefinaliseer kan word sodat die mense vir wie die eenhede bestem is regtig daarby baat.

In hierdie verband het die minister ter afsluiting gesê dat dit allerbelangrik is dat die potensiële begunstigdes op die behuisingsvraagdatabasis geregistreer moet wees. Hulle moet ook die kwesbaarste lede van die gemeenskap wees – met ander woorde bejaardes ouer as 60 en mediesgestremdes. Persone wat reeds vir 15 jaar of langer op die waglys is en agterplaasbewoners is, kan ook ingesluit word.

SCARFACE SE HEENGAAN TRAGIES, MAAR ONAFWENDBAAR

In 2019 is 'n taakspan (*in Engels bekend as die Overstrand Baboon Management Joint Task Team of BMJTT*) vir die beheer van bobbejane in die Overstrand op die been gebring. Hierdie span se opdrag is om gesamentlik besluite te neem en toesig te hou oor diegene wat verantwoordelik is vir die implementering van die strategiese bobbejaanbeheerprogram (SBMP) in Overstrand, sowel as om netelige of sensitiewe sake wat dalk mag opduik op 'n konsensuele wyse te behartig.

Vroeg in Augustus 2021 is die BMJTT byeengeroep om gerapporteerde insidente en die gevallestudie verwant aan die bobbejaan BBM1, ook bekend as Scarface en behorende tot die Bettysbaai/Kleinmond-trop, onder oë te neem.

Ten tyde van hierdie vergadering is daar besluit om eers te wag vir 'n verslag oor die beheer van hierdie trop wat in opdrag van die munisipaliteit van 'n onafhanklike evalueerder, dr. D. Gaynor, aangevra is.

Derhalwe het die BMJTT weer op 1 September 2021 byeengekom om die verslag en BBM1 se gevallestudie, soos aangeteken vir die tydperk 19 April tot 31 Julie 2021, te oorweeg.

In die loop van hierdie tydperk was BBM1 betrokke by 94 insidente. Hiervan was 21 inbrake by bewoonde huise, 11 gevalle van ooglopende aggressiewe gedrag en 35 gevalle waar eiendomme betree en beskadig is. Hierdie bobbejaanmannetjie het ook by verskeie geleenthede bobbejaanmonitors gestorm en getart.

Ooreenkomstig die provinsiale riglyne vir die beheer van bobbejane, het die BMJTT geen keuse gehad as om BBM1 as 'n DCB-kategorie 3-bobbejaan te klassifiseer nie, met ander woorde 'n bobbejaan wat:

- mense sal nader en kos by hulle sal afvat,
- 'n motor/kamer sal betree selfs al is mense teenwoordig,
- by 'n motor/gebou sal inbreek,
- ander lede van die trop sal aanmoedig om strooptogte uit te voer, of om 'n permanente splintergroep te vorm.

Teen die agtergrond van die voormelde en met deeglike inagname van wat in die beste belang van die Bettysbaai/Kleinmond-trop sowel as plaaslike inwoners se veiligheid en welstand sou wees, en gegewe die risiko dat BBM1 dalk op 'n onmenslike wyse beseer of gedood kon word, het die BMJTT besluit dat BBM1 uit die trop verwyder moet word.

Nadat hierdie besluit geneem is, het die span verskeie opsies bespreek en opgeweeg teen die waarskynlikheid van gunstige uitkomstes. Hierdie opsies het ingesluit om BBM1 in 'n ongerepte/afgeleë landelike gebied of rehabilitasiesentrum te hervestig. Die span het ook oorweeg om die mannetjie toe te rus met 'n halsband wat hom sal "skok" wanneer hy hom wangedra.

Na deeglike oorweging, en gegewe die oogmerk van die bobbejaanbeheerprogram (d.w.s. om die spesie se behoud in die natuurlike omgewing te verseker en om te verhoed dat individuele bobbejane ingehok word), is daar besluit dat geen van hierdie opsies lewensvatbaar was nie.

Gevolglik, en met die instemming van CapeNature, is daar eenparig besluit dat die mees menslike oplossing sou wees om BBM1 van kant te maak.

Die operasie om BBM1 te vang, het op 17 September 2021 'n aanvang geneem, maar is weens ongunstige weersomstandighede ontwrig. Teen hierdie tyd het verskeie eksterne partye ook opgedaag om te help met die opsporing en vangs van BBM1, wat daartoe gelei het dat die mannetjie teen ongeveer twaalfuur die volgende dag deur 'n private organisasie gevang is.

Ongelukkig het die betrokke organisasie nie oor die vereiste magtiging en nodige permitte beskik om die bobbejaan op te tel en te verskuif nie, en daarom kon hul voorstel om die operasie af te handel nie op daardie tydstip deurgevoer word nie.

Cape Nature en Munisipaliteit Overstrand was dit eens dat dit onmenslik sou wees om BBM1 vir 'n onbepaalde tydperk in 'n verdoofde toestand in 'n hok aan te hou. Gevolglik is 'n finale besluit geneem om die bobbejaan van kant te maak, 'n prosedure wat deur 'n onafhanklike veearts behartig is.

Alle betrokke partye was teësinnig om tot die vankantmaking van hierdie bobbejaanmannetjie in te stem, maar het toegegee dat daar geen ander opsie was nie. Hulle is egter vas oortuig dat hierdie optrede op die lange duur tot die volhoubare behoud van die Bettysbaai/Kleinmond-trop sal bydra.

KENNISGEWING VAN AMNESTIE VIR ALLE HUISHOUDINGS WAT DEERNISTOELAES ONTVANG

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners wat tans 'n deernistoelaag ontvang, of wat dalk kan kwalifiseer om sodanige toelaag te ontvang, om hul inligting vóór 31 Desember 2021 te verifieer. Aangesien dit onder die munisipaliteit se aandag gebring is dat sommige ontvangers van Deernistoelaes die subsidie teenstrydig met die bepalings van die goedgekeurde Deernisbeleid ontvang, is 'n besluit geneem om aan hierdie persone 'n geleentheid te bied om hierdie foutiewe toewysings vrywillig te verklaar sonder dat die geld van hulle verhaal sal word.

Een van die voorwaardes van die beleid is dat inwoners wat eienaars van meer as een eiendom is, of wat nie op die eiendom woon waarvoor die subsidie goedgekeur is nie, dalk die subsidie wat ontvang is aan die munisipaliteit sal moet terugbetaal.

Maar moenie moed verloor nie; daar is hoop:

Munisipaliteit Overstrand bied aan hulpbehoewende inwoners 'n geleentheid vir amnestie. Inwoners wat die eiendom nie bewoon het of wat die eiendom nie as sy/haar primêre woonplek bewoon het nie, of diegene wat die geregistreerde eienaar van meer as een eiendom is of was, kan gebruikmaak van die grasietydperk (1 Julie 2021 tot 31 Desember 2021) om enige oortredings skriftelik aan die munisipaliteit te rapporteer.

Die munisipaliteit implementeer ook terugwerkend vrystelling van die verhaling van enige deernissubsidie wat in weerwil van die volgende bepalings van hierdie beleid vóór 30 Junie 2021 aan 'n kliënt uitbetaal is:

- Dat die eiendom as primêre woonplek deur die ontvanger van 'n deernisvoordeel geokkupeer moet word;
- Dat die ontvanger van 'n deernisvoordeel ingevolge hierdie beleid nie die geregistreerde eienaar van meer as een eiendom mag wees nie.

Deel hierdie boodskap met diegene na aan jou en kontak asseblief onverwyld die munisipaliteit vóór 31 Desember 2021 om te verhoed dat subsidies wat voorheen toegeken is, teruggeskryf word.

E-pos enquiries@overstrand.gov.za of bel 028 313 8912 / 028 313 8027 / 028 313 8933 / 028 313 5060 / 028 313 8042.